- c) Vir die uitvoerende modules in hierdie program (MZSU177, MZSU277, MZSU377) word voldoende klasbywoning en deelname aan die praktiese lesse sowel as 'n toepaslike ensemble vereis. Daar moet aan alle praktiese lesse, repetisies en ensemblekonserte deelgeneem word om 'n deelnamebewys vir die betrokke module te verwerf. Selfs met geldige verskonings vir afwesigheid, na oordeel van die skooldirekteur, geld 'n deelnamevereiste van minstens 2/3 vir eksamentoelating.

#### **Reël mbt eerste eksamengeleentheid:**

Vir al die uitvoerende modules in hierdie program moet studente vir die eerste eksamengeleentheid aanmeld. 'n Tweede eksamengeleentheid mag slegs gebruik word indien die eerste eksamengeleentheid nie geslaag is nie, of as die eerste eksamengeleentheid weens siekte of enige ander amptelike aanvaarbare verskoning nie gebruik kon word nie.

**L.8.3.3      Kurrikulum L206P: Diploma in musiek**

**L.8.3.3.1      Samestelling van kurrikulum L206P: Diploma in musiek**

<b>JAARVLAK 1</b>		<b>JAARVLAK 2</b>		<b>JAARVLAK 3</b>	
<b>Eerste semester</b>		<b>Eerste semester</b>		<b>Eerste semester</b>	
<b>Modulekode</b>	<b>Kr</b>	<b>Modulekode</b>	<b>Kr</b>	<b>Modulekode</b>	<b>Kr</b>
MZSN119	16	MZSO219	16	MZSO319	16
MZSO119	8	MZSS219	8	MZSS319	8
MZSU177	16	MZST219	16	MZST319	16
MZSU179	16	MZSU277	16	MZSU377	16
ENLS111	12	MZSU279	16	MZSU379	16
		MZSY219	8	MZSY319	8
<b>Totaal semester</b>	<b>1<sup>ste</sup> 68</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>80</b>	<b>Totaal 1<sup>ste</sup> semester</b>	<b>80</b>
<b>JAARVLAK 1</b>		<b>JAARVLAK 1</b>		<b>JAARVLAK 3</b>	
<b>Tweede semester</b>		<b>Tweede semester</b>		<b>Eerste semester</b>	
<b>Modulekode</b>	<b>Kr</b>	<b>Modulekode</b>	<b>Kr</b>	<b>Modulekode</b>	
MZSN129	16	MZSO229	16	MZSO329	16
MZSO129	12	MZSS229	8	MZSS329	8
AGLE121	12	MZST229	16	MZST329	16
ENLS121	12	MZSY229	8	MZSY329	8
<b>Totaal semester</b>	<b>2<sup>de</sup> 52</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>48</b>	<b>Totaal 2<sup>de</sup> semester</b>	<b>48</b>
<b>Totaal jaarvlak 1</b>	<b>120</b>	<b>Totaal jaarvlak 2</b>	<b>128</b>	<b>Totaal jaarvlak 3</b>	<b>128</b>
<b>Totale krediete vir die kurrikulum</b>					<b>376</b>

**L.8.4      EKSAMINERING**

Eksamining geskied volgens die spesifikasies soos opgeneem in Algemene Reël A.5.4 van die Universiteit.

## L.9 MODULE-UITKOMSTE

### L.9.1 KKVU-MODULES

#### L.9.1.1 AKADEMIESE GELETTERDHEID

<b>Modulekode: AGLA111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel:</b> Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"><li>• basiese kennis van leerstrategieë, akademiese woordeskate en register asook die lees en skryf van akademiese tekste te demonstreer ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer;</li><li>• op gepaste wyse binne 'n akademiese omgewing effektief mondelings en skriftelik as individu en as lid van 'n groep te kan kommunikeer;</li><li>• basiese akademiese tekste te verstaan, interpreteer, evalueer en op koherente wyse toepaslike akademiese genres te kan skryf deur gebruik te maak van akkurate en toepaslike akademiese konvensies.</li><li>• binne 'n etiese raamwerk akkuraat, vlot en toepaslik te kan luister, praat, lees, skryf en leer.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 40%		
<b>Modulekode: AGLA121</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel:</b> Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student <ul style="list-style-type: none"><li>• oor fundamentele kennis beskik van toepaslike rekenaarprogramme, toepaslike leer-, luister-, en lees- en skryfstrategieë kan toepas, akademiese taalregister kan gebruik en akademiese tekste kan lees en kan skryf, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te kan funksioneer;</li><li>• as 'n individu en as lid van 'n groep effektief te kan leer en mondelings en skriftelik op 'n etiese verantwoordelike en toepaslike wyse kan kommunikeer in 'n akademiese omgewing;</li><li>• 'n verskeidenheid relevante wetenskaplike inligting binne 'n verskeidenheid studieterreine as individu en in groepsverband kan soek en versamel, tekste kan ontleed, interpreteer, evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguistiese konvensies soos gebruik in formele taalregisters.</li></ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 40%		

<b>Modulekode: AGLA122</b>	<b>Semester 1/2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle afhandeling van hierdie module moet studente die volgende kan doen:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• demonstreeer fundamentele kennis van toepaslike rekenaarprogramme, asook die toepassing van leer-, luister-, lees-en skryfstrategieë, die gebruik van 'n akademiese taalregister en die lees en skryf van akademiese tekste, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer;</li> <li>• individueel en as lid van 'n groep effektief mondelings en skriftelik kommunikeer op 'n eties verantwoordelike en toepaslike wyse binne 'n akademiese omgewing;</li> <li>• individueel en as lid van 'n groep wetenskaplike kennis op 'n verskeidenheid studieterreine opspoor, insamel, ontleed, interpreteer; en tekste evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguïstiese konvensies soos gebruik word in formele taalregisters.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Beperkte-kontakonderrig. 'n Geïntegreerde leermodel word gebruik.		
Metodes van assessering: Benadering van geïntegreerde assessering – Die formaat van assessering maak voorsiening vir geïntegreerde assessering (d.w.s. geïntegreerde leer waar die spesifieke uittreevlakuitkomst van die module bereik word deur middel van deurlopende assessering van individuele opdragte vir alle Jaarvlak 1-modules) en buigsamheid ten opsigte van die wyse van aflewering (formaat); en dit weerspieël die profiel en geografiese ligging van voornemende leerders. Die uitkomst van hierdie module sal geassesseer word deur middel van elektroniese voorleggings van individuele en groepsopdragte op die e-Leerplatform en sal uitgevoer word deur die loop van die volle eerstejaarvlak- akademiese jaar.		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Formatiewe assessering – gewig: 60%</li> <li>• Summatiewe assessering – gewig: 40%</li> </ul>		

### L.9.1.2 VERSTAAN DIE WÊRELD

<b>Modulekode: WVSS 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Verstaan die sosiale en politieke wêreld		
Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module behoort studente		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennisbasis te toon van 'n seleksie van wêreldbeskouings en ideologieë, en hul vermoë tot kritiek en verstaan te demonstreeer deur die aard en funksie, asook verskillende manifesterings van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk;</li> <li>• die vermoë te toon om die interverwantskap van verskynsels in natuurlike en sosiale sisteme te verstaan, en vanuit hierdie basispunt werklike lewensprobleme of gevallestudies te analiseer en evalueer wat verband hou met die kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ens.;</li> <li>• die vermoë te toon om hul persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as 'n raamwerk van waaruit haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd op 'n tipies akademiese wyse beargumenteer en gekommunikeer kan word</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		



<b>Modulekode: WVCS 221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Verstaan die kulturele wêreld</b>		
<p>Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module behoort studente</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennisbasis te toon van 'n seleksie van wêreldbeskouings en ideologieë, en hul vermoë tot kritiek en verstaan te demonstreer deur die aard en funksie, asook verskillende manifesterings van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk;</li> <li>• die vermoë te toon om die interverwantskap van verskynsels in natuurlike en sosiale sisteme te verstaan, en vanuit hierdie basispunt werklike lewensprobleme of gevallestudies te analiseer en evalueer wat verband hou met die kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ens.;</li> <li>• die vermoë te toon om hul persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as 'n raamwerk van waaruit haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd op 'n tipies akademiese wyse argumenteer en gekommunikeer kan word</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: WVLS 311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Estetika</b>		
<p>Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module behoort studente</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n stewige en sistematiese kennis te toon van die belangrikste grondslae-vraagstukke in die estetika en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;</li> <li>• die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: WVLS 312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Taal- en letterkundefilosofie</b>		
<p>Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module behoort studente</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n stewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in taal en letterkunde en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;</li> <li>• die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		

<b>Modulekode: WVLS 313</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Kultuurfilosofie: Kritiese perspektiewe op “mega-trends” in die hedendaagse kultuur</b>		
Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module behoort studente <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n stewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in die hedendaagse kultuur en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;</li> <li>• die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: WVLS 314</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Mens en samelewing: Kritiese perspektiewe op kontinuïteit en verandering/transformasie</b>		
Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module behoort studente <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n stewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in die mens en sosiale wetenskappe en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;</li> <li>• die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: WVCS222</b>	<b>Semester 1/2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Verstaan die Kulturele Wêreld</b>		
Module-uitkomst: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen: <ul style="list-style-type: none"> <li>• beskik oor 'n fundamentele kennis van 'n seleksie van wêreldbeskouings en ideologieë, en demonstreer kritiese begrip deur die aard en funksie sowel as verskillende kontemporêre manifestasies van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk;</li> <li>• oor die vermoë beskik om die onderlinge verbande te verstaan tussen verskynsels in natuurlike en sosiale stelsels, en om vanuit hierdie vertrekpunt probleme te ontleed in die werklike lewe of in gevallestudies oor kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-Vigs, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ens;</li> <li>• in staat wees om hulle persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as 'n vertrekpunt vir die beredenering en kommunikasie van haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd, op 'n tipies akademiese wyse.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Loopbaanskool (beperkte kontak), deelyds		
Metodes van assessorering – Assessorering sal soos volg plaasvind:		

- Formatiewe assessering – gewig: 50%  
Omvattende individuele opdrag & groepwerk
- Summatiewe assessering – gewig: 50%  
Omvattende individuele eksaminering (Eksaminerings vind plaas in ooreenstemming met die Universiteit se Algemene Reëls)

## L.9.2 AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Modulekode: AFNE211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: "Van Amsterdam tot Potchdam": Fasette van die Nederlandse taal- en letterkunde		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• om 'n basiese kennis van Nederlands en die Nederlandse grammatika te kan demonstree;</li> <li>• om kennis van belangrike tendense, skrywers en tekste uit die moderne Nederlands te kan demonstree;</li> <li>• om uitgesoekte Nederlandse tekste binne hulle literêre en kulturele konteks te kan lees;</li> <li>• om die beginsels van vergelykende tekste binne hulle literêre en kulturele konteks te kan lees</li> <li>• om die beginsels van vergelykende literatuurstudie krities te kan toepas;</li> <li>• om Nederlandse tekste, met Suid-Afrikaanse tekste te kan vergelyk; en</li> <li>• om kennis selfstandig te kan verwerf, ontleed, toepas, integreer, evalueer en effektief te kan kommunikeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 40%		
Modulekode: AFNE212	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Teks, interteks en hiperteks: Literêr-teoretiese perspektiewe		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• om kennis van die literatuurwetenskap en insig in geselekteerde begrippe, paradigmas, modelle en teorieë daarin te kan demonstree;</li> <li>• om tekste (ook kulturele tekste) aan die hand van bepaalde kriteria as individu en ook in groepsverband vanuit verskillende literêr-teoretiese perspektiewe krities te kan lees en evalueer en 'n eie mening verantwoordelik en effektief te kan kommunikeer met die hulp van toepaslike tegnologie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 40%		
Modulekode: AFNE213	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: Interdisiplinêre perspektiewe op kinder- en jeugliteratuur		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• om met kennis en insig te kommunikeer oor die werking van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur vanuit verskeie dissiplines (letterkunde, taalkunde, psigologie, sosiologie, kommunikasiekunde, tegnologie, inligtingkunde, opvoedkunde, kuns en kultuur);</li> <li>• om tekste te skep met die oog op 'n bydrae ter bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur (resensies, artikels, vertalings, verhale, gedigte, liedere, dramas, draaiboeke vir radio, televisie en film, kinderboekillustrasies, manipuleerbare boeke, die skep van rekenaarspeletjies, bydraes tot 'n webblad);</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• om probleemoplossend te dink t.o.v. die bevordering van kleuter-, kinder- en jeug-literatuur vir alle tale in Suid-Afrika en te fokus op 'n spesifieke taal</li> <li>• om vakspesifieke waardes te begryp en daaroor te kan redeneer – mondeling en skriftelik.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
<b>Modulekode: AFL111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Afrikaans: Taal sonder grense		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese beginsels en reëls onderliggend aan die Afrikaanse taalgebruikskunde te verstaan en in te oefen;</li> <li>• verskillende tekstipes in Afrikaans te onderskei en krities-evaluerend daarmee om te gaan;</li> <li>• sowel funksionele as estetiese Afrikaanse tekste te ontleed, te interpreteer en te evalueer;</li> <li>• geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse kortverhale te kan beskryf en analiseer aan die hand van kernbegrippe uit die narratologie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
<b>Modulekode: AFL121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie: teks en konteks - die taal van tekste		
Module-uitkomst: Taalkunde Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese grammatikale analitiese en beskrywende begrippe te definieer en toe te pas; en</li> <li>• verteenwoordigende Afrikaanse konstruksies te analiseer en beskryf deur van sistematiese analise- en beskrywingsmetodes gebruik te maak.</li> </ul> Letterkunde Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• Afrikaanse en Nederlandse poësie- en dramatekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie</li> <li>• die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse en Nederlandse gedigte en dramas te identifiseer en beskryf</li> <li>• in groepsverband gesprekke oor tersaaklike temas te kan voer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
<b>Modulekode: AFL211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie		
Module-uitkomst: Taalkunde		

<p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die ontwikkeling van Afrikaans oorsigtelik te verduidelik, met klem op die sosiohistoriese omstandighede;</li> <li>• aan te toon hoe die konstruk “meertaligheid” in Suid-Afrika manifesteer deur aandag te gee aan <ul style="list-style-type: none"> <li>○ die meertalige samelewing in Suid-Afrika;</li> <li>○ taalwetgewing; en</li> <li>○ taalbestuursuitdagings; en</li> </ul> </li> <li>• eietydse taalpolitieke standpunte te vergelyk en te evalueer.</li> </ul> <p>Letterkunde</p> <p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste en</li> <li>• die estetiese, kulturele en sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X3 uur — gewig: 40%		
<b>Modulekode: AFLL222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Afrikaans en Nederlands: Raamwerke vir taal- en literatuurstudie		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Taalkunde</p> <p>Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basisbegrippe van die morfologie te definieer en te kan begryp;</li> <li>• verteenwoordigende Afrikaanse morfologiese konstruksies te analiseer en bespreek;</li> <li>• verteenwoordigende Afrikaanse morfonologiese prosesse kan beskryf; en</li> <li>• aspekte van die Afrikaanse leksikon te kan bespreek.</li> </ul> <p>Letterkunde</p> <p>Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste;</li> <li>• die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde;</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X3 uur — gewig: 40%		
<b>Modulekode: AFLL311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-Vlak: 7</b>
Titel: Afrikaans en Nederlands: perspektiewe op taal- en letterkunde (1)		
<p>Module-uitkomste:</p> <p><b>Taalkunde</b></p> <p>Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• geselekteerde eietydse teoretiese en/of metodologiese benaderings in die taalkunde te verduidelik en toe te pas;</li> <li>• verteenwoordigende Afrikaanse konstruksies te analiseer deur van die analisemetodes van die geselekteerde benaderings gebruik te maak; en</li> <li>• diepgaande insig in genoemde konstruksies en in die aard van taal te vertoon deur</li> </ul>		

volledige beskrywings van die eienskappe en kenmerke van geanaliseerde konstruksies te gee.

### Letterkunde

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die werking van poëtikale opvattings in poëtiese tekste te kan aantoon en interpreteer;
- die invloed van teoretiese benaderinge op die bestudering van die poësie en die drama te kan verreken en bespreek;
- enkele geselekteerde kontemporêre teoretiese benaderinge te kan gebruik in die analise en interpretasie van poëtiese en dramatiese tekste;
- die oevres van belangrike Afrikaanse digters en dramaturge deur die bestudering van geselekteerde gedigte en dramas so deeglik te ken dat daar sinvol en uitvoerig geskryf kan word oor die literêr-teoreties implikasies van tematiek, tegniek en die historiese posisie van hierdie skrywers en hulle werk;
- op literatuurwetenskaplike wyse die gedigte en dramas van enkele prominente twintigste-eeuse Nederlandse skrywers te kan beskryf, analiseer en interpreteer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 60%

Semestereksamen 2X3 uur — gewig: 40%

**Modulekode: AFLL321**

**Semester 2**

**NKR-vlak: 7**

Titel: Afrikaans en Nederlands: Perspektiewe op taal- en letterkunde (2)

Module-uitkomst:

### Taalkunde

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- kernbegrippe van die sosio- en/of die psigolinguistiek te definieer en toe te pas;
- verbande tussen die sosio- en psigolinguistiek onderling, en met grammatikale beskrywing sistematies te verduidelik;
- aan te toon hoe taalkontak in Suid-Afrika tot taalbeïnvloeding lei met spesifieke verwysing na kodewisseling in hedendaagse Afrikaans;
- aan te dui hoe die veranderende taalomgewing waarbinne Afrikaans sigself bevind 'n invloed op taalstruktuur uitoefen; en
- selfstandige dataversameling en data-analise te doen, waarin variante taalvorme geïdentifiseer word en gemotiveerde interpretasies te maak van die moontlike faktore wat die keuse van spesifieke variante ondersteun.

### Letterkunde

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- 'n uitvoerige narratologiese analise van geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse romans (en in bepaalde gevalle films) te kan maak;
- geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse prosatekste te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukuralistiese literêre teorieë;
- Afrikaanse en Nederlandse romans te kan vergelyk na aanleiding van tema en styl;
- die verhouding tussen teksanalise en literêr-teoretiese interpretasie te begryp en op verantwoorde wyse te gebruik in uitvoerige geskrewe werkstukke

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke — gewig: 40%

Semestereksamen 2X3 uur — gewig: 40%

Skripsie: - gewig 20% (bygetel by semestereksamenpunt)

**Modulekode: AFNP118**

**Semester 1 & 2**

**NKR-vlak: 5**

<b>Titel: Beginnersafrikaans: Inleidend</b>		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n basiese woordeskat van Afrikaans te beskik;</li> <li>• Afrikaanse woorde reg uit te spreek;</li> <li>• genoegsame kennis van grammatika te hê om enkelvoudige sinne te kan skryf;</li> <li>• eenvoudige vertaalwerk van Engels na Afrikaans te doen; en</li> <li>• deel te neem aan 'n eenvoudige gesprek in Afrikaans.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse, opdragte en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 40%		
<b>Modulekode: AFNP128</b>	<b>Semester 1 &amp; 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Beginnersafrikaans: Gevorderd</b>		
Module-uitkomst: In hierdie module behoort die student		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n redelik uitgebreide woordeskat in Afrikaans te verwerf;</li> <li>• enkelvoudige sowel as saamgestelde sinne te leer formuleer;</li> <li>• 'n gesprek oor alledaagse onderwerpe in Afrikaans te kan voer; en</li> <li>• informele tekste vanuit Engels te kan vertaal.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse, opdragte en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 40%		

### L.8.3. ANTIEKE KULTUUR

<b>Modulekode: AKLR112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Ou Nabye-Ooste en Griekeland</b>		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die ontwikkelingsfases van beskawings te verduidelik;</li> <li>• antieke kulture van die Ou Nabye-Ooste te kan bespreek en evalueer;</li> <li>• die kultuur en politieke ontwikkeling van antieke Griekeland te kan bespreek; en</li> <li>• die geskiedenis en daaglikse lewe van klassieke Griekeland te kan beskryf.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: AKLR122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Antieke Rome en ander kulture</b>		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die Romeinse sosiale geskiedenis, die ontwikkeling van die Romeinse regstelsel en die konstitusionele ontwikkeling van Rome te bespreek;</li> <li>• basiese Latynse regsterminologie te herken en vertaal;</li> <li>• algemene Latynse terme en afkortings te herken en vertaal;</li> <li>• die invloed van Latyn op sy alledaagse lewe te herken;</li> <li>• die kulture van Bisantium, die Islam en sekere Afrikakulture in hooftrekke te bespreek.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 50%		

#### L.8.4. DUIITS

<b>Modulekode: GERB111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Sakeduits elementêr 1		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese uitspraakreëls van Duits te verstaan;</li> <li>• die basiese grammatikareëls van Duits te verstaan en kan toepas;</li> <li>• oor 'n woordeskat op elementêre vlak te beskik;</li> <li>• basiese uitdrukkings op elementêre vlak te verstaan;</li> <li>• analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan aanwend om eenvoudige tekste te kan lees en skryf;</li> <li>• 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>• inligtingstechnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelingte te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes:            Toetse en werkstukke - gewig: 60%            Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%</p>		
<b>Modulekode: GERB121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Sakeduits elementêr 2		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vertroud te wees met die basiese uitspraakreëls in Duits;</li> <li>• die basiese grammatikareëls in Duits te ken en kan toepas;</li> <li>• oor 'n basiese woordeskat te beskik;</li> <li>• basiese uitdrukkings in Duits te kan verstaan;</li> <li>• 'n basiese gesprek in Duits op elementêre vlak te kan voer;</li> <li>• hulle analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan toepas om eenvoudige en relevante tekste te kan lees, skryf en vertaal;</li> <li>• 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>• inligtingstechnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelingte te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
<p>Assesseringsmetodes:            Toetse en werkstukke - gewig: 60%            Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%</p>		
<b>Modulekode: GERM111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Duits elementêr 1		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die basiese uitspraakreëls van Duits te verstaan;</li> <li>• die basiese grammatikareëls van Duits te verstaan en te kan toepas;</li> <li>• oor 'n woordeskat op elementêre vlak te beskik;</li> <li>• basiese uitdrukkings op elementêre vlak te verstaan;</li> <li>• analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan aanwend om eenvoudige tekste te kan lees en skryf;</li> <li>• 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>• inligtingstechnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelingte te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		



Toetse en werkstukke - gewig: 60%		
Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERM121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Duits elementêr 2		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• vertrouwd te wees met die basiese uitspraakreëls in Duits;</li> <li>• die basiese grammatikareëls in Duits te ken en kan toepas;</li> <li>• oor 'n basiese woordeskat te beskik;</li> <li>• basiese uitdrukkings in Duits te verstaan;</li> <li>• 'n basiese gesprek in Duits op elementêre vlak te kan voer;</li> <li>• analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan toepas om eenvoudige en relevante tekste te kan lees, skryf en vertaal;</li> <li>• 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>• inligtingstechnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke - gewig: 60%		
Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERM211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Duits intermediêr 1		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n intermediêre vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• met medestudente in klaskamersituasies effektief te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n basiese begrip van grammatiese en sinskonstruksies te hê;</li> <li>• literêre sowel as nie-literêre tekste in Duits op 'n intermediêre vlak te kan lees en verstaan;</li> <li>• algemene tekste sowel as 'n opstel oor literêre werke te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse konteks met situasies in Duitssprekende lande met mekaar te vergelyk;</li> <li>• inligtingstechnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke - gewig: 60%		
Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERM221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Duits intermediêr 2		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n intermediêre vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• met medestudente in klaskamersituasies effektief te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n basiese begrip van grammatiese en sinskonstruksies te hê en toe te pas;</li> <li>• literêre sowel as nie-literêre tekste in Duits op 'n intermediêre vlak te kan lees en verstaan;</li> <li>• algemene tekste sowel as opstelle oor literêre werke te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse konteks met situasies in Duitssprekende lande met mekaar te vergelyk;</li> <li>• inligtingstechnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERM311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Duits gevorderd 1		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n gevorderde vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• effektief met medestudente in klaskamersituasies te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n toereikende vermoë te hê om grammatiese en sinstrukture te kan toepas;</li> <li>• nie-literêre sowel as literêre tekste in Duits op 'n gevorderde vlak te kan lees;</li> <li>• Duitse tekste op 'n gevorderde vlak te kan interpreteer;</li> <li>• algemene tekste sowel as opstelle oor 'n literêre werk te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse kulturele en historiese konteks met situasies in Duitssprekende lande te kan vergelyk;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 2X2 uur - gewig: 40%		
<b>Modulekode: GERM321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Duits gevorderd 2		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n gevorderde vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• effektief met medestudente in klaskamersituasies te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n goeie vermoë te hê om grammatiese en sinstrukture te kan toepas;</li> <li>• nie-literêre sowel as literêre tekste in Duits op 'n gevorderde vlak te kan lees;</li> <li>• Duitse tekste op 'n gevorderde vlak te kan interpreteer;</li> <li>• algemene tekste sowel as opstelle oor 'n literêre werk te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse kulturele en historiese konteks met situasies in Duitssprekende lande te kan vergelyk;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 2X3 uur - gewig: 40%		

### L.8.5. ENGLISH

<b>Module code: ENLE211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 6</b>
Title: Classics for literature students		
Module outcomes: On completion of this module students should <ul style="list-style-type: none"> <li>• have a basic knowledge of the key literary theories of antiquity;</li> <li>• have a basic knowledge of the central conventions of classical epic and tragedy;</li> <li>• have a basic knowledge of some of the most influential Greek myths;</li> <li>• be able to recognise the influence of classical literature, literary theory and myths on later literature written in English.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1X2 hours — weight: 40%		

<b>Module code: ENLE221</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 6</b>
Title: Classics for literature students		
Module outcomes: On completion of this module students should <ul style="list-style-type: none"> <li>• show an understanding of the influence of classical genres on later literature written in English</li> <li>• show an understanding of the use made of classical myth in later literature written in English</li> <li>• present discussions in appropriate academic formats</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1X2 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLL111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 5</b>
Title: Introduction to literary genres (I)		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• understand the fundamental concepts and characteristics of literary genres;</li> <li>• analyse and interpret literary texts with a view to their generic elements;</li> <li>• develop arguments based on textual evidence in the course of the interpretation of literary texts;</li> <li>• present sustained arguments about texts in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1x2 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLL121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF level: 5</b>
Title: Introduction to literary genres (II) and grammatical analysis		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• understand the fundamental concepts and characteristics of literary genres;</li> <li>• analyse and interpret literary texts with a view to their generic elements;</li> <li>• develop arguments based on textual evidence in the course of the interpretation of literary texts;</li> <li>• present sustained arguments about texts in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays;</li> <li>• understand the fundamental concepts of grammatical analysis;</li> <li>• analyse and interpret simplex clauses in terms of their constituent elements and the grammatical functions thereof.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1x3 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLL211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 6</b>
Title: Development of literary genres (I) and development of grammatical complexity		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• understand key characteristics of the most significant pre-twentieth century literary periods;</li> <li>• understand the development of pre-twentieth century poetry/prose fiction;</li> <li>• engage critically with literary and contemporaneous critical texts through analysis and synthesis;</li> <li>• present sustained arguments about texts, with arguments substantiated from text and context, in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic</li> </ul>		

essays; <ul style="list-style-type: none"> <li>• understand the concepts of complex linguistic structures;</li> <li>• analyse and interpret complex words and clauses in terms of their constituent elements and the grammatical functions thereof.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1X2, 1x3 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLL221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF level: 6</b>
Title: Development of literary genres (II) and applied linguistics		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• understand key characteristics of the most significant pre-twentieth century literary periods;</li> <li>• understand the development of pre-twentieth century poetry/prose fiction;</li> <li>• engage critically with literary and contemporaneous critical texts through analysis and synthesis;</li> <li>• present sustained arguments about texts, with arguments substantiated from text and context, in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays;</li> <li>• understand and evaluate the theoretical bases of the discipline of Applied Linguistics;</li> <li>• apply and evaluate relevant approaches to Teaching English to Speakers of Other Languages (TESOL) and English for Academic Purposes (EAP).</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1x2, 1x3 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLL311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 7</b>
Title: Key periods in literature, historical linguistics and stylistics		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• explain the ideas, characteristics and contexts relevant to Renaissance literature;</li> <li>• explain the key qualities and contexts relevant to Modernist literature;</li> <li>• analyse selected Renaissance and Modernist texts critically, with reference to the conceptual frameworks for the study of these periods;</li> <li>• present sustained arguments about Renaissance and Modernist literature, and integrate contextual and critical sources appropriately;</li> <li>• explain selected concepts relevant to diachronic linguistic and stylistic analysis;</li> <li>• analyse diachronic data and literary texts by means of appropriate linguistic concepts</li> <li>• critically select appropriate analytical techniques to solve problems arising from unseen texts;</li> <li>• present sustained arguments about linguistic phenomena, and integrate data analysis and interpretation appropriately.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 2x3 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLL321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF level: 7</b>
Title: South Africa and the world: postmodern and contemporary literature, sociolinguistics and advanced linguistics analysis		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• explain the ideas, qualities and contexts relevant to postmodern and contemporary literature, including South African literature;</li> <li>• analyse selected postmodern and contemporary texts critically;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• present sustained arguments about postmodern and contemporary literature following accepted academic conventions with respect to language, style, and source referencing, and integrate contextual and critical sources appropriately;</li> <li>• understand and explain the concepts relevant to sociolinguistic and textual analysis;</li> <li>• analyse a wide variety of texts in different registers and dialects in terms of their unique and shared linguistic characteristics;</li> <li>• explain observed linguistic patterns in terms of underlying linguistic-functional and socio-linguistic variables;</li> <li>• present sustained arguments about linguistic phenomena, and integrate data analysis and interpretation appropriately.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 2x3 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLS111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NQF level: 5</b>
Title: English for specific purposes		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• demonstrate knowledge of the nature of words</li> <li>• demonstrate knowledge of the nature of sentences</li> <li>• demonstrate basic knowledge of the language used in literary texts</li> <li>• plan and write an essay.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1X2 hours — weight: 40%		
<b>Module code: ENLS121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NQF level: 5</b>
Title: Practical English for professional purposes		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to <ul style="list-style-type: none"> <li>• identify, understand and respond to various text types;</li> <li>• plan and write different kinds of texts (e.g. business letters, reports, essays) using the appropriate language and style for each.</li> </ul>		
Method of delivery: Fulltime		
Assessment methods: Tests and assignments — weight: 60% Examination 1X2 hours — weight: 40%		

#### L.8.6. ETIEK

<b>Modulekode: ETIE212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Etiese perspektiewe		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module sal 'n student 'n deeglike kennisbasis toon van <ul style="list-style-type: none"> <li>• idees, temas en denkers in die geskiedenis van nadenke oor die etiek (waaronder konsekwensialisme, deontologie, deugde-etiek, postmoderne etiek en ubuntu)</li> </ul> 'n Student sal verder in staat wees om toepaslike vorme van ondersoek en beredenering in die etiek te gebruik ten einde <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n samehangende eie siening te vorm vanuit minstens 'n gevestigde wêreldbeskouing (bv. die Christelike perspektief) oor die idees, temas en figure in die geskiedenis van die etiek wat hy/sy bestudeer het,</li> <li>• toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak,</li> <li>• en op 'n wyse tipies van ondersoek in die etiek verslag te doen van haar/sy kennis, standpunte en toepassings.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		

Asseseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1x24 uur — gewig 50%		
<b>Modulekode: ETIE221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Christelike etiek		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Illustrasiekuns en Grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpprojekte</li> <li>• gevorderde kennis in relevante rekenaarsagteware te kan toepas asook die manipulasie daarvan te kan integreer met die daarstelling van suksesvolle ontwerpprodukte;</li> <li>• gevorderde kreatiewe konsepte te kan ontwikkel en binne die konteks van 'n klein groep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê</li> <li>• omvattende korporatiewe/promosionele veldtogte te kan ontwikkel en toepaslike ontwerpprodukte te kan skep</li> <li>• omvattende tipografiese projekte te kan uitvoer en toepaslike kommunikasiedoelwitte te bereik</li> <li>• verskeie sagtewareprogramme effektief te kan integreer vir 'n enkele ontwerp-produk.</li> <li>• die kreatiewe proses te bestuur van die begin tot afhandeling van die projek</li> <li>• 'n finale professionele interaktiewe en drukgebaseerde portefeulje saam te stel wat 'n verskeidenheid ontwerpprodukte tentoonstel.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFO414:</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Toegepaste professionele praktyk 1		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van ontwerppraktykvaardighede te analiseer en korrek toe te pas ten opsigte van spesifieke ontwerpprobleme, byvoorbeeld reproduksietegniese;</li> <li>• professionele praktykbeginsels sintetiseer en die gepaste dimensies daarvan deur middel van ontwerp laat geskied;</li> <li>• doeltreffend met kliënte te kan skakel;</li> <li>• die verloop van die ontwerpproses en ontwerpprobleemoplossing vanaf die fase van konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel. Dit impliseer die analise, sintese en evaluasie van die kreatiewe proses;</li> <li>• binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en 'n ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;</li> <li>• die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFO424:</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Toegepaste professionele praktyk 2		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis van ontwerppraktykvaardighede te analiseer en korrek toe te pas ten opsigte van spesifieke ontwerpprobleme, byvoorbeeld reproduksietegniese;</li> <li>• professionele praktykbeginsels sintetiseer en die gepaste dimensies daarvan deur middel van ontwerp laat geskied;</li> <li>• doeltreffend met kliënte te kan skakel;</li> <li>• die verloop van die ontwerpproses en ontwerpprobleemoplossing vanaf die fase van konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel. Dit impliseer die analise, sintese en evaluasie van die kreatiewe proses;</li> <li>• binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en 'n ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;</li> <li>• die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n finale portefeulje saam te stel wat 'n verskeidenheid ontwerpprodukte tentoonstel</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		

## L.9.6 GRAFIESE ONTWERP — MULTIMEDIA-ONTWERP

<b>Modulekode: GRFM311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Inleiding tot Multimedia-ontwerp		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• beginsels onderliggend aan ontwerp en die ontwerpproses toe te pas tydens die ontwerp van beeldmateriaal, tipografie en klank, interaksie, beweging en sekwense;</li> <li>• verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die afhandeling van multimediaprojekte (Basies: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D-animasie en video);</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die tegniese implikasies/beperkinge wat die multimedia-omgewing reguleer, te verstaan;</li> <li>• objek-georiënteerde programmering te gebruik vir die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Basies);</li> <li>• 'n verskeidenheid beskikbare digitale oplossings te gebruik vir die produksie van multimediaprojekte (Basies);</li> <li>• navorsing te gebruik om strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig;</li> <li>• as 'n effektiewe lid van 'n visuele kommunikasiespan te werk;</li> <li>• beginsels van webgebaseerde teorieë en tegniese terminologie toe te pas in die uitvoer van geslaagde aanlyn/aflynmultimediaprojekte;</li> <li>• kreatiewe konseptuele denkwyses en tegnieke te gebruik in die oplos van 'n gegewe probleem.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFM321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Multimedia-ontwerp		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• beginsels van ontwerp en die ontwerpproses toe te pas in die ontwerp van beeldmateriaal, tipografie en klank, interaksie, beweging en sekwense;</li> <li>• kreatiewe konseptuele denke en -tegnieke te gebruik in die oplos van 'n gegewe probleem;</li> <li>• verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die produksie van multimediaprojekte (Basies/Intermediêr: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video);</li> <li>• professionele multimedia-aanbiedings te skep wat die visuele kommunikasieboodskap effektief oordra;</li> <li>• 'n goedgestruktureerde argument te ontwikkel rondom 'n gegewe teoretiese tema in die vorm van 'n opstel;</li> <li>• objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Intermediêr);</li> <li>• 'n verskeidenheid beskikbare digitale oplossings te gebruik in die produksie van multimediaprojekte (Gevorderd);</li> <li>• as 'n effektiewe lid van 'n handelsmerk-kommunikasiespan te funksioneer;</li> <li>• 'n volledig-funksionele aanlyn- en aflynidentiteit en portefeulje te ontwikkel as blyke van die vaardighede van die multimedialeerder (Basies).</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFM411</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Toegepaste Multimedia-ontwerp		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n breë historiese insig te toon ten opsigte van die ontwikkeling van multimedia – vanaf die vroeë 1950s tot die hede;</li> <li>• 'n verskeidenheid bewegende beelde en film binne die kontemporêre omgewing te evalueer, analiseer en kritiseer;</li> <li>• verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die produksie van multimediaprojekte (Intermediêr/Gevorderd: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video);</li> <li>• sekondêre- en waarnemingsnavorsing te doen;</li> <li>• navorsing te gebruik om komplekse strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Gevorderd);</li> <li>• sosiaal-verantwoordelike multimedia-ontwerp te skep;</li> <li>• die vier dimensies van mensgesentreerde ontwerp (etnografie, ergonomie, kultuur en samelewing) kan toepas;</li> <li>• as 'n effektiewe lid van die visuele kommunikasiespan kan funksioneer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Panneevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFM421</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Gevorderde toegepaste Multimedia-ontwerp		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• beginsels van kontemporêre multimedia-ontwerpteorieë toe te pas tydens die daarstelling van ontwerpe;</li> <li>• ontwerp binne die konteks van, en vir die internasionale-, Afrika- en Suid-Afrikaanse arenas;</li> <li>• verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die skep van multimediaprojekte (Gevorderd: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video);</li> <li>• konsepte en ontwerpe krities te evalueer in die lig van die resepsie daarvan deur gehore;</li> <li>• objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Gevorderd);</li> <li>• 'n diepgaande begrip te toon van die verskillende elemente van multimedia-ontwerp asook hoe hierdie elemente deur digitalisering en beweging geraak word;</li> <li>• beginsels van interaktiewe ontwerp, kinestetiese ontwerp, karakterontwikkeling, klank en navigasie-ontwerp toe te pas tydens die skep van multimediaprojekte;</li> <li>• Navorsing te kan gebruik om strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig;</li> <li>• te funksioneer as 'n effektiewe lid van 'n visuele kommunikasiespan;</li> <li>• 'n volledig-funksionele aanlyn- en aflyn identiteit en portefeuilje te kan ontwikkel wat die multimedialeerder se vaardighede tentoonstel (Gevorderd).</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Panneevaluasie van semester se werk — gewig 50%		

## L.9.7 ILLUSTRASIEKUNS

<b>Modulekode: GRFI111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Illustrasiekuns:Basiese tekenkunstegniek 1		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n verskeidenheid tekentegnieke te kan bemeester en kreatief in 'n illustrasie te kan toepas;</li> <li>• 'n perseptueel akkurate waarnemingstudie te doen en natuurgetroue uitbeelding van 'n driedimensionele objek op 'n twee-dimensionele vlak uit te voer;</li> <li>• die vormtaalelemente van lyn, komposisie, vorm, tekstuur, ruimte en perspektief suksesvol in 'n illustrasie te kan implementeer;</li> <li>• verbeeldingryke en innoverende denke te genereer om 'n kreatiewe inslag aan 'n illustrasie te verleen;</li> <li>• die verskillende fases van die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase van 'n projek tot die afhandelingsfase daarvan;</li> <li>• 'n werksetiek met betrekking tot die leeromgewing te demonstreer wat stiptelikheid, toewyding, eerlikheid en professionaliteit reflekteer.</li> </ul>		



Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFI121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Illustrasiekuns: Basiese skilderkunstegetnieke		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis van die beginsels van visuele vormtaalelemente soos kleur, komposisie, styltegniek en vormuitbeelding in skilderkunstige media te kan toepas;</li> <li>• 'n basiese vermoë tot illusionêre ruimte-uitbeelding te kan toon deur perspektiefbeginsels prakties te kan illustreer;</li> <li>• basiese kennis van drie-dimensionele vormgewing en kleurteorie te kan illustreer;</li> <li>• simboliese vertolking deur middel van kreatiewe toepassing van skilder media te kan uitvoer;</li> <li>• 'n verskeidenheid kreatiewe styltegnieke te kan toepas;</li> <li>• binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;</li> <li>• vakwetenskaplike teorie op visuele, verbale en skriftelike wyse te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFI211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Illustrasiekuns: Kreatiewe tegnieke: Teken- en skilderkuns 1		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis te toon aangaande verskeie korporatiewe toepassings van illustrasiekuns soos tegniese, promosionele en redaksionele illustrasie en dit in verskeie media te kan uitvoer;</li> <li>• 'n illustrasie vir 'n gespesifiseerde markgerigte doel te skep;</li> <li>• vaardighede te toon om 'n verskeidenheid illustratiewe media met selfvertroue te beheers;</li> <li>• binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;</li> <li>• vakwetenskaplike teorie op visuele, verbale en skriftelike wyse te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Paneevaluasie van semester se werk — gewig 50%		

<b>Modulekode: GRFI221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Illustrasiekuns: Kreatiewe tegnieke: Teken- en skilderkuns 2		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• vaardighede te toon in die uitvoer van gevorderde anatomiestudie in verskeie illustratiewe media;</li> <li>• kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van argitektoniese/ interieur- en verhalende illustrasie;</li> <li>• vaardighede te toon in die suksesvolle kombinasie van tipografie en illustratiewe beeld in 'n ontwerp-toepassing;</li> <li>• kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van botaniese/wetenskaplike illustrasies in 'n</li> </ul>		

<p>verskeidenheid van media;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van oortuigende gevorderde tegniese illustrasie;</li> <li>• kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van rekenaarmatige illustrasietoepassings;</li> <li>• binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;</li> <li>• vakwetenskaplike teorie op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:  Toetse en werkstukke — gewig: 50%  Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%</p>		
<b>Modulekode: GRFI311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<p><b>Titel: Illustrasiekuns: Toegepaste illustrasie</b></p>		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gevorderde kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van illustrasies van 'n gevorderde tegniese standaard vir 'n gespesifiseerde markgerigte doel;</li> <li>• binne die konteks van 'n kleingroep idees t.o.v. praktykgerigte illustrasie te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;</li> <li>• vakteoretiese uitgangspunte rondom toegepaste illustrasie op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer;</li> <li>• gevorderde kennis en vaardighede te toon in die hantering van alle illustrasiemediums en -materiale en die beheersing daarvan met behendigheid en estetiese sensitiwiteit;</li> <li>• 'n sensitiwiteit ten opsigte van die tyd- en kultuurgees waarin geskep word te demonstreer;</li> <li>• 'n hoë vlak van visuele geleterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstreer;</li> <li>• die tegniese en konseptuele problematiek van 'n praktykgerigte illustrasieopdrag te begryp en 'n toepaslike, oorspronklike oplossing daarvoor te vind;</li> <li>• om ingeligte en toepaslike keuses uit te oefen ten opsigte van die mees geskikte medium waarin 'n opdrag uitgevoer moet word;</li> <li>• 'n individuele illustrasiestyl te ontwikkel ten opsigte van tegniek en kreatiewe benadering.</li> <li>• 'n vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes:  Toetse en werkstukke — gewig: 50%  Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%</p>		
<b>Modulekode: GRFI321</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<p><b>Titel: Illustrasiekuns: Gevorderde toepassing</b></p>		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• alle illustrasiemediums met gevorderde behendigheid te beheers en die kreatiewe potensiaal van elke medium te optimaliseer;</li> <li>• op gevorderde vlak verbeeldingryke en innoverende denke te genereer ten einde 'n kreatiewe inslag aan 'n illustrasie te verleen;</li> <li>• hoë vlak konseptualisering te doen vir die kreatiewe interpretasie en uitbeelding van 'n gegewe teks of tema;</li> <li>• die verskillende fases van die kreatiewe proses effektief te kan bestuur vanaf die aanvangsfase van 'n projek tot die afhandelingsfase daarvan;</li> <li>• die rekenaar as illustrasiemedium te kan benut en digitale tegnieke behendig te kan manipuleer vir 'n kreatiewe resultaat;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n hoë vlak van visuele geleetterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstreer;</li> <li>• kennis van kontemporêre illustrasiestyle, benaderings en tegnieke in illustrasiewerk te kan integreer;</li> <li>• 'n werksetiek met betrekking tot die leeromgewing te demonstreer wat stiptelikheid, toewyding, eerlikheid en professionaliteit reflekteer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Panneevaluasie van semester se werk — gewig 50%		
<b>Modulekode: GRFI471</b>	<b>Jaarkursus</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Professionele praktyk (Illustrasie)		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• illustrasies op 'n gevorderde vlak kritiese te kan evalueer;</li> <li>• alle illustrasiemedia met vindingrykheid en oortuiging te kan bemeester om 'n treffende en oorspronklike produk te kan ontwerp;</li> <li>• onafhanklik te kan werk en in 'n individualistiese styl te kan illustreer;</li> <li>• ontwerpvoorleggings op 'n afgeronde en professionele wyse te kan aanbied;</li> <li>• kennis van relevante kuns, illustrasie en ontwerpstyle en vormtaalelemente in ontwerpe te kan integreer;</li> <li>• binne die konteks van 'n kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;</li> <li>• vakwetenskaplike teorieë mondeling en skriftelike te kan kommunikeer.</li> <li>• 'n praktiese portefeulje van professionele standaard saam te stel.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Panneevaluasie van semester se werk — gewig 50%		

## L.9.8 KOMMUNIKASIE

<b>Modulekode: KCOM111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Inleiding tot Massakommunikasie		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n breë begrip van die geskiedenis, aard en omvang van massakommunikasie te toon;</li> <li>• die transformasie van die massakommunikasiebedryf in Suid-Afrika te kan beskryf;</li> <li>• 'n basiese kennis van enkele belangrike teoretiese perspektiewe op die massamedia te demonstreer; en</li> <li>• krities oor die massamedia te kan reflekteer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM112</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Inleiding tot kommunikasiekontekse		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die historiese ontwikkeling van menslike kommunikasie vanaf die vroeë ontwikkeling daarvan tot die hedendaagse inligtingsamelewing en nuwe kommunikasietegnologieë, oorsigtelik te kan beskryf;</li> <li>• 'n deeglike begrip van die sleutelkonsepte en teorieë van kommunikasie te demonstreer;</li> <li>• teoretiese beginsels op verskillende kommunikasiekontekste toe te pas, insluitend</li> </ul>		

<p>intrapersoonlike kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie en spraakkommunikasie;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis en insig rakende die verskillende rolle, dinamika van leierskap en konflikbestuur binne die konteks van kleingroepkommunikasie te toon.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%</p>		
<b>Modulekode: KCOM121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<p>Titel: Inleiding tot Joernalistiek</p>		
<p>Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die konteks en funksies van die joernalistiek met verwysing na die take van 'n redakteur, verslaggewer en subredakteur en die funksionering van 'n koerant, tydskrif en radiostasie en die verskillende soorte joernalistieke skryfwerk te beskryf en verduidelik en probleme op te los binne 'n joernalistieke konteks;</li> <li>• basiese kennis oor en vaardighede in fotografie binne die joernalistieke konteks te demonstreer;</li> <li>• navorsing te doen en die praktiese joernalistieke vaardighede in die gedrukte en radiomedia toe te pas, individueel sowel as in groepswerk, en die bevindings in aanvaarbare formate te kommunikeer met behulp van gepaste IT;</li> <li>• die normatiewe dimensie van die joernalistiek te identifiseer, te evalueer en toe te pas op voorbeelde uit koerante, tydskrifte en radio-uitsendings.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%</p>		
<b>Modulekode: KCOM122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<p>Titel: Inleiding tot Korporatiewe Kommunikasie</p>		
<p>Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese kennis en begrip van die belangrikste korporatiewe kommunikasieteorieë te toon, en te kan onderskei tussen skakelwerk en bemarking;</li> <li>• 'n grondige kennis en begrip van die basiese teoretiese uitgangspunte van ooredingskommunikasie, soos dit relevant is in 'n korporatiewe kommunikasiekonteks, te kan demonstreer;</li> <li>• relevante kennis en begrip van die spesialisvelde in korporatiewe kommunikasie te kan weergee, sowel as die vermoë om ooredingskommunikasie in elk van die velde te kan toepas; en</li> <li>• oor etiese waardes, met betrekking tot die gebruik van ooredingskommunikasie, skriftelike en mondeling te reflekteer.</li> </ul>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%</p>		
<b>Modulekode: KCOM211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<p>Titel: Publisering (DTP)</p>		
<p>Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n breë kennis-basis te demonstreer rakende algemene publisering en verskillende soorte publikasies in die media-omgewing vanuit die oogpunt van 'n mediabeampte;</li> <li>• bewys te lewer van 'n grondige begrip van die aard en eienskappe van lessenaar-</li> </ul>		

<p>publisering (DTP) en die koördinerings van die publiseringsproses;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis en vaardighede in tipografie en drukprosesse vir bladuitleg te toon;</li> <li>• uitleg en setwerk van verskillende publikasies met die gebruik van digitale media te kan doen.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: COMS221</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Reputasiebestuur		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Reputasiebestuur binne Korporatiewe Kommunikasie te kontekstualiseer;</li> <li>• Die fundamentele elemente van 'n reputasie, naamlik korporatiewe identiteit, korporatiewe beeld, handelsmerke en organisatoriese persoonlikheid en –gedrag binne die konteks van 'n gevallestudie te omskryf;</li> <li>• Die belangrikheid van 'n goeie reputasie in 'n organisatoriese konteks te verduidelik;</li> <li>• 'n Onderskeid te tref tussen reputasie as kapitaal teenoor reputasie as interpretasie;</li> <li>• Aanlynreputasiebestuur in 'n virtuele omgewing aan die hand van 'n gevallestudie te bespreek;</li> <li>• Die rol van die Hoof Uitvoerende Beampte in reputasiebestuur te verduidelik; en</li> <li>• Die <i>Harris-Fombrun Reputation Quotient</i> en <i>RepTrak®</i> studies as verskillende metodes om reputasies te kan meet, aan die hand van praktiese voorbeelde te kan toepas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM213</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Kommunikasiebestuur: Verhoudingsbestuur		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die belangrikste teorieë oor korporatiewe kommunikasie met die fokus op verhoudingsbestuur te kan beskryf en te verduidelik;</li> <li>• die korporatiewe kommunikasie-probleemoplossingsproses binne die konteks van Suid-Afrikaanse interne en eksterne belangegroep te verduidelik;</li> <li>• die rol en funksie van korporatiewe kommunikasie as strategiese bestuurs-meganisme te verduidelik en om verskillende benaderings tot verhoudingsbestuur ten opsigte van die verskillende soorte Suid-Afrikaanse organisasies te onderskei en die relevante benadering toe te pas;</li> <li>• die rol van korporatiewe kommunikasie in die proses van verandering, leierskap, kwessiebestuur, onderhandelinge en kennisbestuur in 'n organisasie te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• oor die etiese kwessies in die korporatiewe kommunikasieveld te reflekteer .</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM218</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Kommunikasieteorie		
Na die suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om:		

<ul style="list-style-type: none"> <li>· Kommunikasieteorie in 'n metamodel of tipologie van kommunikasie te raam;</li> <li>· Tussen sewe tradisies van kommunikasieteorie te kan onderskei;</li> <li>· Geselekteerde kommunikasieteorie as hoofeksponente van sewe geselekteerde tradisies van kommunikasieteorie te bespreek; en</li> <li>· Metateoretiese vertrekpunte sowel as geselekteerde teoretiese benaderings te gebruik om akademiese diepte te bied tot die studie van kommunikasiefenomene.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Interkulturele kommunikasie		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die karaktereienskappe, en die ontwikkeling van die kommunikasie van tradisioneel Westerse (Eurosentriese) en nie-Westerse (Afrosentriese &amp; Oosterse) kulture te kontrasteer;</li> <li>• interkulturele kompetensie in die breë Suid-Afrikaanse konteks van die media en kommunikasie-industrie te toon;</li> <li>• kritiese kommentaar te lewer op die rol van identiteit in die post-koloniale konteks van Suid-Afrika; kulturele diversiteit in die hantering van interkulturele interaksie empaties te verduidelik;</li> <li>• kulturele kodering in aanmerking te neem in die beplanning van kommunikasie-intervensies; en</li> <li>• internasionale kommunisiegedrag vanuit 'n mediumteorieperspektief sowel as 'n sisteembenaderingsperspektief te analiseer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM229</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Mediabeleid, -etiek en –reg		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die grondwetlike konteks waarbinne vryheid van spraak in Suid-Afrika beoefen word, deeglik te beskryf;</li> <li>• 'n deeglike kennis en begrip van etiese probleme waarmee mediapraktisyns gekonfronteer word en hoe hierdie probleme hanteer kan word deur onder meer gebruik te maak van verskillende etiese kodes, te demonstreer;</li> <li>• die beperkings wat die statutêre reg op die media geplaas het en steeds plaas deeglik te beskryf en te verduidelik</li> <li>• die beperkings wat die gemenerereg in die verlede op die media geplaas het of steeds plaas deeglik te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• kopieregwette en hoe dit mediapraktisyns se werk beïnvloed deeglik te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• verbruikersregte en hoe mediapraktisyns dit kan ondersteun deeglik te beskryf en te verduidelik;</li> <li>• te verduidelik hoe etiek en die reg verweef is en gelyklopend deur die mediapraktisyn in ag geneem moet word;</li> <li>• die regulasies wat deur Okosa gestel word te beskryf en te verduidelik;</li> </ul>		

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die rol van die MDDA en ander nie-regeringsinisiatiewe op die ontwikkeling en transformasie van die Suid-Afrikaanse media-industrie te verstaan en te verduidelik.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM311</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Navorsingsmetodes		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te lewer van 'n grondige kennis en kritiese begrip van die basiese verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsontwerpe en die vermoë om die mees gepaste benadering vir spesifieke navorsingsenarios te kan selekteer;</li> <li>• 'n sistematiese kennis van die elemente van wetenskaplike kommunikasienavorsing te demonstreer en dit toe te pas (insluitend stappe in die navorsingsproses, beginsels van inligtingsameling, navorsingsontwerpe, analise van inligting asook verslagdoening);</li> <li>• die waarde van verskillende navorsingsmetodes krities te kan verduidelik</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM316</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Organisasiebestuur: Webontwikkeling		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te lewer van 'n omvattende en sistematiese kennisbasis met betrekking tot die agtergrond en ontwikkeling van die internet en nuwe media, insluitend die verskille tussen tradisionele, korporatiewe en nuwe media en 'n grondige begrip van hoe elkeen deur die internet en globalisering geraak word;</li> <li>• individueel en in groepe, korporatiewe webruimtes vir uitnemende kommunikasie te kan evalueer volgens hulle doel, funksie, interaktiwiteit en gebruikersmodelle;</li> <li>• 'n koherente en kritiese brgrip van die riglyne vir effektiewe webontwerp te demonstreer en hierdie kennis in die skep van webblaaie toe te pas deur gebruik te maak van beide html and webredigering-sagteware, grafika en basiese animasie.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM317</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel:Tegnologie en visuele estetika		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n koherente en kritiese begrip te demonstreer van die tegnologieë wat verskeie video-toepassings ondersteun;</li> <li>• bewys te lewer van 'n kritiese verstaan van oudio-teorie en beginsels deur dit in video-produksie toe te pas;</li> <li>• bewys te lewer van 'n kritiese verstaan van toerieë wat die grondslag vir visualisering in video en fotografie vorm en hierdie teorieë prakties te kan toepas.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66%		

Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM318</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Kommunikasie vir sosiale verandering		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die belangrikste teoretiese benaderings in die velde van ontwikkelingskommunikasie en demokratisering te kan bespreek;</li> <li>• bewys te lewer van 'n samehangende en kritiese begrip van die gebruik van "klein media" in die konteks van deelnemende kommunikasie asook die demokratisering van die media binne die konteks van 'n ontwikkelende demokrasie;</li> <li>• 'n kritiese analise te doen en sistematiese uiteensetting te gee van die rol wat die media, regeringskommunikasie en politieke partykommunikasie kan vervul in die bevordering en onderhouding van die Suid-Afrikaanse demokrasie;</li> <li>• 'n kommunikasiestrategie vir 'n ontwikkelingsprojek asook 'n verkiesingsveldtog in 'n ontwikkelende samelewing te kan formuleer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Geïntegreerde eksamenprojek — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM326</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Geïntegreerde organisasiebestuur		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• kliënte-opdragte in die korporatiewe kommunikasiekonteks te kan interpreteer en analiseer; en om kreatiewe konsepte te kan genereer deur gebruik te maak van probleemoplossingsvaardighede;</li> <li>• sistematiewe kennis en insig van gedrukte en webpublisering en die bestuursprosesse daarvan krities te kan weergee en bespreek;</li> <li>• individueel en in groepe, korporatiewe webruimtes binne breër korporatiewe mediaprogramme / veldtogte te vind en te analiseer;</li> <li>• geïntegreerde korporatiewe mediaprogramme / veldtogte te beplan en uit te voer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Geïntegreerde eksamenprojek — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM327</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Videoproduksie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• funksionele navorsing en verkenning vir oudio-visuele produksies te doen;</li> <li>• voorstelvereistes te vertolk en voorstelle vir oudio-visuele produksies op te stel;</li> <li>• die hantering van oudio-visuele produksies saam te stel;</li> <li>• draaiboeke vir oudio-visuele produksies te skryf;</li> <li>• begrotings vir oudio-visuele produksies op te stel.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 100% Daar is geen formele eksamen nie		
<b>Modulekode: KCOM328</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Kommunikasiebestuur: Bemerkingskommunikasiebestuur		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		



<ul style="list-style-type: none"> <li>• die bemarkingskommunikasiekonteks met verwysing na die groei, belangrikste ontwikkelings in die industrie en die rol daarvan in 'n veldtog, krities te verduidelik;</li> <li>• bewys te lewer van 'n grondige kennis van die veld van bemarkingskommunikasiebestuur;</li> <li>• 'n bemarkingskommunikasieplan te ontwerp deur verskeie media en relevante metodes te inkorporeer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM329</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Kommunikasiebestuur: plan		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ 'n kritiese verduideliking te gee oor hoe die kommunikasieplan uit 'n kommunikasiestrategie voortvloei;</li> <li>▪ die aard en noodsaaklikheid van 'n kommunikasieplan te beredeneer aan die hand van teoretiese scenario's en gevallestudies;</li> <li>▪ die keuse van kommunikasiemedia in 'n ontwikkelende wêreldkonteks krities te verduidelik; en</li> <li>▪ 'n kommunikasieplan op te stel</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semesterreferaat — gewig: 34%		
<b>Modulekode: KCOM371</b>	<b>Jaarkursus</b>	<b>NKR-vlak:7</b>
Titel: Korporatiewe joernalistiek		
Module-uitkomst: <i>Eksterne media</i> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis van en begrip vir die konteks, belang, omvang en vereistes van goeie, etiese mediabetrekkings; die breë medialandskap in Suid-Afrika; en die korporatiewe kommunikasie-instrumente/-metodes met verwysing na die take van die korporatiewe kommunikasiepraktisyn in die onderskeie sektore te demonstreer;</li> <li>• bewys te lewer van grondige kennis van en basiese vaardighede in die gebruik van visuele/ouditiewe materiaal binne die konteks van mediabetrekkings;</li> <li>• om navorsing te kan doen en om vaardighede toe te pas om persklaar materiaal vir publikasie in verskeie massamedia te skep aan die hand van die basiese beginsels van goeie joernalistiek.</li> </ul> <i>Interne media</i> Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis van en begrip vir die konteks, belang, omvang en vereistes van personeelblaai te toon;</li> <li>• grondige kennis van die gebruik van visuele materiaal en korporatiewe media binne die konteks van personeelblaai te demonstreer;</li> <li>• navorsing te doen en om vaardighede toe te pas om 'n basiese personeelblad te skep aan die hand van die basiese beginsels van goeie joernalistiek en met behulp van toepaslike IT.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Deelnamepunt = modulepunt		

<b>Modulekode: KOMV471</b>	<b>Jaarkursus</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Videoproduksie		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die etiese en wetlike implikasies van digitale klank- en beeldmanipulasie te verstaan en om dergelike probleme rakende natuurhistoriese dokumentêre films te identifiseer;</li> <li>• die redaksionele en etiese kodes van verskillende natuurhistoriese uitsaaiers en kanale te vergelyk;</li> <li>• produksiebeginsels aan die hand van oudiovisuele estetika te analiseer en toe te pas;</li> <li>• die opname, redigering en finale meng van 'n enkelkamera-onderhoud verfilm volgens die omkeermetode te kan uitvoer;</li> <li>• die opname, redigering en finale meng van 'n enkelkamera-demonstrasie wat voldoen aan die vereistes van kontinuïteitsredigering te kan uitvoer;</li> <li>• die opname, redigering en finale meng van 'n enkelkamera-nuusinsetsel wat die elemente van na-kamera-aanbieding, vertelling, vox pops en visuele sekswense bevat te kan uitvoer;</li> <li>• die opname, redigering en finale meng van 'n hoorbeeld te kan uitvoer;</li> <li>• die opname, redigering en finale meng van 'n kliëntgekoppelde korporatiewe video te kan uitvoer;</li> <li>• die opname, redigering en finale meng van 'n openbare bewustheidsvideo te kan uitvoer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Deelnamepunt is ook die eksamen- en modulepunt		

### **L.9.9 KUNSGESKIEDENIS**

<b>Modulekode: KSGS113</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Inleiding tot Kunstgeskiedenis		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• insig te toon in die breë ontwikkeling van antieke kuns tot en met die Quattrocento;</li> <li>• geselekteerde metodes en modelle van kunswerkontleding en -ontsluiting te kan toepas;</li> <li>• op verantwoordbare kunshistoriese wyse verslag kan doen oor kunswerke binne</li> <li>• die raamwerk van kontekstuele realiteite en ideëgeskiedenis;</li> <li>• effektief in groepe te kan funksioneer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 66%		
Semestereksamen 1X3 uur — gewig 34%		

<b>Modulekode: KSGS122</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Die kunstenaar as genie/meester gedurende die Renaissance en Barok		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• sy/haar kennis van en insig in die verhouding tussen die visuele kunste en die Rooms-Katolieke Kerk as inleiding tot die Renaissance-epog mondeling sowel as skriftelik te kan demonstreer;</li> <li>• debat te kan voer oor die verband tussen die ontwikkeling van stylhistoriese en kontekstuele sake rondom die visuele kunste en grafiese ontwerp gedurende die Renaissance en die Barok;</li> <li>• geldige argumente te kan voer oor die invloed van onderliggende filosofiese strominge gedurende die Renaissance-epog (bv. humanisme, individualisme, rasionalisme) binne</li> </ul>		

<p>die konteks van sosiale en ander faktore (soos byvoorbeeld die Reformasie);</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• geselekteerde modelle van kunswerkontleding kan toepas;</li> <li>• sy/haar kennis van en insig in navorsingsmetodiek met betrekking tot die analisering en interpretering van kunswerke prakties te kan toepas;</li> <li>• effektief in groepe te kan funksioneer;</li> <li>• die lewensbeskoulike basis van die visuele kunste en die filosofiese grondslae van</li> <li>• kunshistoriese bydraes bloot te lê en om sodoende tot 'n eie (persoonlike) standpuntinname te kom.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 34%		
<b>Modulekode: KSGS212</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Wêreldkuns en wêreldkulture		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• geselekteerde temas wat met wêreldkuns en wêreldkulture verband hou kan omskryf asook die karakteristieke kan gee van die wyse waarop hierdie temas 'n invloed gehad het op die visuele kunste van hierdie wêrelddele: <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ mag en geweld binne geselekteerde antieke kulture;</li> <li>▪ mistisisme as magspel;</li> <li>▪ die rol van voorvaders en patriargale gemeenskappe;</li> </ul> </li> <li>• hierdie gefokusde visuele kunste kan verklaar en evalueer aan die hand van 'n aantal sosiale en/of seremoniële praktyke waaronder geboorte, inisiasie, seksualiteit, volwassewording en dood;</li> <li>• begrip te toon vir die rol van 'n verskeidenheid geloofsuitgangspunte en die invloed daarvan op die visuele kunste van 'n aantal wêreldkulture insluitende <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ animisme en die aanbidding van voorvadergeeste;</li> <li>▪ Shamanisme;</li> <li>▪ Hindoeïsme;</li> <li>▪ Boeddhisme en Zen Boeddhisme;</li> <li>▪ Confucianisme en Taoïsme;</li> <li>▪ Islam;</li> </ul> </li> <li>• sy/haar kennis van en insig in navorsingsmetodiek met betrekking tot die analisering en interpretering van kunswerke prakties te kan toepas;</li> <li>• effektief in groepe te kan funksioneer.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 34%		
<b>Modulekode: KSGS222</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Temas in die 19de-eeuse kuns		
<p>Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• by wyse van 'n breë oorsig die tegniese, stilistiese en inhoudelike ontwikkeling binne die kuns van die negentiende en vroeg-twintigste eeue vergelykend te kan interpreteer;</li> <li>• aan die hand van gekose fokuspeunte die verteenwoordigende kunstenaars, kunswerke sowel as tersaaklike teoretiese raamwerke krities te bespreek en evalueer. Insluitend hierby is kolonialisme, die sosiale rol van kuns in die 19de-eeuse samelewing en magsverante aspekte in die kuns van hierdie era;</li> <li>• die genoemde fokuspeunte ook met spesifieke verwysing na Post-Impressionisme, Fauvisme, Kubisme, Ekspressionisme, Futurisme en Konstruktivisme te kan analiseer, interpreteer en evalueer;</li> <li>• sy/haar kennis van en insig in navorsingsmetodiek met betrekking tot die analisering en</li> </ul>		

interpretering van kunswerke prakties te kan toepas; • effektief in groepe te kan funksioneer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 34%		
<b>Modulekode: KSGS312</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Inleiding tot modernisme en postmodernisme: Van Avant-garde tot transavantgardia		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om <ul style="list-style-type: none"> <li>• sy/haar kennis van en insig in die modernistiese kunstfilosofie, -teorieë en kontekstuele sake rondom die visuele kunste gedurende die twintigste eeu te kan demonstreer, ook met verwysing na enkele sake binne die postmodernisme;</li> <li>• sy/haar kennis van en insig in die ontwikkeling van grafiese ontwerp en die visuele kunste gedurende die modernisme mondeling en skriftelik te kan verduidelik;</li> <li>• sy/haar metodologiese vaardighede om kunswerke te kan analiseer en interpreteer</li> <li>• aan die hand van teoretiese metodes prakties te kan toepas;</li> <li>• effektief in groepe te kan funksioneer;</li> <li>• die lewensbeskoulike basis van die visuele kunste en die filosofiese grondslae van</li> <li>• kunshistoriese bydraes bloot te lê en om sodoende tot 'n eie (persoonlike) standpuntinname te kom.</li> </ul>		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 66% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 34%		
<b>Modulekode: KSGS322</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Postmodernisme: Van Kitsch tot kuberkultuur		
